**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Aansoeknommer. : 5361/2008

In die aansoek tussen:

| | |
|---|---|
| **TIELMAN NIEUWOUDT** | Applikant |
| en | |
| **MATTHEW SEHLOHO RANTSO** | 1ste Respondent |
| **BEVERLY RUTH RANTSO** | 2de Respondent |
| **THE SHERIFF: BLOEMFONTEIN WEST** | 3de Respondent |
| **ADDITIONAL MAGISTRATE, J LEROOLI N.O. (BLOEMFONTEIN)** | 4de Respondent |
| **THE MINISTER OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT** | 5de Respondent |

---

| | |
|---|---|
| **UITSPRAAK:** | HANCKE, R |
| **AANGEHOOR OP:** | 4 SEPTEMBER 2008 |
| **GELEWER OP:** | 4 SEPTEMBER 2008 |

---

[1] Die applikant in hierdie aansoek is een van die lede van die publiek wat ontgogel moet wees as gevolg van die stadige werking van die regsproses. Hy het ‘n sekere eiendom bekend as erf 9810, geleë te Fowlerstraat 6, Hospitaalpark, Bloemfontein op 17 Oktober 2007 gekoop tydens ‘n eksekusie veiling, welke eiendom in sy naam geregistreer

is op 4 Februarie 2008. Dit volg nadat First Rand Bank Beperk 'n verstek vonnis teen eerste en tweede respondente geneem het op 13 Februarie 2007. Genoemde respondente het daarna by drie verskillende geleenthede aansoek gedoen om tersydestelling van gemelde vonnis, selfs nadat bogemelde eiendom in die naam van die applikant geregistreer was. Nadat eerste en tweede respondent geweier het om die eiendom te ontruim, was die applikant verplig om 'n uitsettingsbevel teen hulle te verkry, wat geskied het op 20 Mei 2008.

[2] Tot op datum woon eerste en tweede respondente steeds in die betrokke huis. Hulle het nie alleen versuim om hulle verpligtinge teenoor die plaaslike owerheid na te kom nie, as gevolg waarvan die applikant verplig was om 'n bedrag van R20 700,00 te betaal ten opsigte van uitstaande water, elektrisiteit, sanitasie en erfbelastings ten einde 'n uitklaringsertifikaat te verkry om die eiendom op sy naam oor te dra nie. Verder moes hy ook munisipale heffings ten bedrae van R2 700,00 ten opsigte van die eiendom betaal. Die applikant het by verskeie geleenthede die munisipaliteit

in kennis gestel dat die respondente onregmatiglik die woning okkupeer, maar weier die munisipaliteit om die elektrisiteit af te skakel en bewoon die betrokke respondente dus die gemelde eiendom gratis en gebruik hulle water en elektrisiteit vir die rekening van die applikant.

[3] Die huidige aansoek is genoodsaak deur die eerste en die tweede respondente toe hulle op 20 Junie 2008 'n finale hofbevel in die landdroshof verkry het tot die effek dat die applikant se uitsettingsbevel wat verleen en gedateer is 20 Mei 2008 tersyde gestel is.

[4] Die vierde respondent, landdros Lerotoli, se optrede deur *ex parte* [1]'n finale bevel te verleen op aandrang van eerste en tweede respondente:

1. sonder dat die applikant kennis gegee was van die feit dat 'n finale bevel versoek sou word; en

[1] Wat *ex parte* aansoeke in die algemeen betref, verklaar De Wet, R in **Du Plessis V Tzerefos** 1979 (4) SA 819 (O) op 825 B – C die volgende: „*Ex parte*-aansoeke moet na my mening met die grootste mate van goeie trou geloods word en 'n korrekte weergawe van al die wesenlike feite waarop in sodanige aansoeke gesteun word moet uiteengesit word. Applikante in sodanige aansoeke moet die Hof in hul vertroue neem en geen wesenlike feite waarop gesteun word verswyg nie. Die weerhouding van sodanige feite is laakbaar." Sien ook **Collective Investments (Pty) Ltd v Brink** 1978 (2) SA 252 (N) te 225G.

2. sonder dat aan die applikant enigsins 'n geleentheid gegun was om sy saak te stel voordat gemelde regshulp verleen was;

is grof onreëlmatig.

[5] Verder blyk dit dat die gewraakte bevel in die vorm van 'n bevel *nisi* uitgereik is wat die applikant oproep om redes aan te voer waarom 'n bevel wat reeds ter syde gestel is nie opgeskort of gestuit sal word nie, welke bevel eers 2 Julie 2008 (11 dae later) op die applikant se regsverteenwoordigers beteken is.

[6] Dit is geykte reg dat die miskenning van die reg om eers aangehoor te word voordat regshulp teen 'n individu verleen word, onreëlmatig is. Waar die regshulp ingeklee is in die vorm van finale regshulp en gepaard gaan met die aantasting van die regte van die individu, is die verrigtinge en gepaardgaande bevel beklee met nietigheid. **GUINEY v DETACHED ARM OF ZASTRON** 1916 OPD 67 te 70, **SA MOTOR EXCEPTANCE CORPORATION (PTY) LTD v VENTER** 1963 (1) SA 214 (O) te 219 G - H.

[7] Volgens die stukke is dit duidelik dat daar nie eers gronde vir die landdros was om 'n bevel *nisi* op 'n *ex parte* basis te verleen nie, nog minder 'n finale bevel. **NTULI v ZULU AND OTHERS** 2005 (1) SA 456 (N) te 460.

[8] Dit blyk verder dat die eerste en tweede respondente se optrede tot gevolg gehad het dat die applikant, synde die eerste respondent in die landdroshof, en wel in die siviele verrigtinge onder landdroshof siviele saakomslag nommer 17379/2008, opponerende beëdigde verklarings ingedien het. Die wese van die aansoek vir "opskorting" van die uitsettingsbevel was gerig in die lig van die afhandeling van die eerste en tweede respondente se sogenaamde derde tersydestellingsaansoek.

[9] Afgesien van die feit dat sodanige aansoek om tersydestelling in die omstandighede regtens onhoudbaar was, het eerste en tweede respondent die tersaaklike tersydestellingsaansoek teruggetrek nadat 'n aansoek om uitstel van die hand gewys is en het die bestaansreg vir

enige bevel wat verleen is onder gemelde siviele saak omslag in ieder geval verval. **<u>WILLIAMS v LANDMARK PROPERTIES SA AND ANOTHER</u>** 1998 (2) SA 582 (W), **<u>MANTON v CROUCAMP NO AND OTHERS</u>** 2001 (4) SA 374 (W) te 381. Die bevel was duidelik veronderstel om verleen te wees hangende die beregting van 'n aansoek wat deur die eerste en tweede respondente teruggetrek is. Hulle het dit toe daarna goed geag om 'n finale bevel aan te vra, waarop hulle nie geregtig was nie.

[10] Om 'n finale bevel op 'n *ex parte* basis in hierdie omstandighede te verkry sonder kennisgewing aan die applikant stel 'n growwe onreëlmatigheid daar wat neerkom op 'n kwelsugtige misbruik van die landdroshof se reëls en prosesse. Die applikant is dus geregtig op die aangevraagde regshulp, wat insluit die tersydestelling van die landdros se bevel, asook 'n bestraffende kostebevel.

[11] Die optrede van die eerste en tweede respondente se prokureur laat egter veel te wense oor. Om finale regshulp aan te vra in die lig van die geskiedenis van hierdie saak

waar daar alreeds uitgerekte litigasie was en sonder kennisgewing aan die applikant, is onaanvaarbaar. Dit stel na my mening *prima facie* onbehoorlike en kwelsugtige optrede daar, en ag ek dit gepas om dit na die Prokureursorde van die Vrystaat te verwys vir verdere ondersoek.

[12] Wat die landdros betref:

Alvorens enige bevel deur 'n voorsittende beampte verleen word waarvan die effek is dat daar inbreuk gemaak word op die regte van 'n individu is dit noodsaaklik dat die individu, of sy regsverteenwoordiger, betyds kennis daarvan gegee moet word. Die optrede van die betrokke landdros alhoewel onverskoonbaar, kan moontlik toegeskryf word aan gebrek aan ervaring. Dit is egter belangrik dat in die toekoms toegesien word, alvorens bevele soos die huidige verleen word, daar eers behoorlike betekening op die teenkant moet geskied.

[13] Bygevolg word die volgende bevele verleen:

1. Die bevel verleen deur vierde respondent in die landdroshof vir die distrik van Bloemfontein onder siviele saak omslagnommer 17379/2008 word ter syde gestel.
2. Die eerste en tweede respondente word verbied om enige verdere aansoeke op *ex parte* basis te rig en wat verband hou met die geskil tussen die partye.

3. Die eerste en tweede respondente word gelas om die koste in die aansoek te betaal op 'n skaal soos tussen prokureur en kliënt, gesamentlik en afsonderlik, die een betaal ander vrygestel te word.

4. Die eerste en tweede respondente word gelas om die applikant se koste, as synde die eerste respondent, in saaknommer 17379/2008 en wat teweeggebring is as gevolg van die verlening van die bevel hierbo na verwys, te betaal op 'n skaal soos tussen prokureur en kliënt, gesamentlik en afsonderlik, die een betaal die ander kwytgeskeld te word.

5. Die optrede en gedrag van prokureur Bosiu word verwys na die Prokureursorde van die Vrystaat om die nodige ondersoek te doen en sodanige stappe as wat hulle mag doenlik ag, te neem.

**S. P. B. HANCKE, R**

| | |
|---|---|
| Namens die applikant: | Adv. N. Snellenburg<br>In opdrag van:<br>Rossouws Prokureurs<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondente: | Bosiu Prokureurs<br>BLOEMFONTEIN |

/EM